Towerlantern Fotografie

# fotografienuus

desember 2023



Ornamentele abstrak

*Lensopening: f2,8;*
*Sluiterspoed: 8 sekondes;*
*Fokale lengte: 100 mm*

Ons sluit hierdie jaar se Fotografienuus af met 'n vrolike, en helder, abstrakte foto – binnenshuis geneem met slegs natuurlike lig en effense aanpassing van kleur en kontras.

Ons tema vir Desember is tœgepaste nabyfotografie. Nabyfotografie is bitter wyd, en tœgepaste nabyfotografie net so wyd. Ons bespreek hierdie sake verderaan in hierdie uitgawe. En soos dit sal blyk is dit 'n "maklike" onderwerp wat jy juis ook binnenshuis kan beœfen.

Onthou ons vervolgreeks oor AI (kunsmatige intelligensie) en leer ken sodœnde gœie botte; ook slegtes. Hierdie saak bly steeds van groot belang vir al ons lesers.

Pak jou tas en gaan saam met Towerlantern op 'n virtuele reis na die staat Utah in die VSA. En as jy eendag werklik die geleentheid kry om daarheen te reis, dan is jy reeds voorbereid op wat om te verwag.

Geniet hierdie uitgawe. Dit word opgedra aan elkeen van ons lesers; saam met die wens van 'n geseënde Kersfees en voorspœdige 2024.

Johan

**Redakteur:** Johan de Klerk
**Bladuitleg:** Fransa van Colourcode Designs

*Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief?*
*Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.*
*Ons ontvang ook advertensies, dœn gerus navraag.*



# voorbladfoto

Soos genoem, is toegepaste nabyfotografie 'n baie wye terrein met baie vertakkings. In die praktyk beteken dit dat jy spesifieke onderwerpe definieer waarin jy wil spesialiseer met 'n bepaalde doel. Een so 'n doel sou byvoorbeeld die fotografering wees van alle ornamentele klein items in jou huis. Die voorblad is juis so 'n foto.

Jy sou ook kon besluit dat jy nabyfoto's wil neem van al jou kosbare juwele en ornamente met versekering daarvan die bedoeling. Dan sou die foto's baie duidelik en realisties wees. Dit sou egter ook kon wees dat jy jou kunssinnigheid wil inspan – soos die voorbladfoto; dus met 'n ander doel as om net 'n uitbeelding te gee van elke item in jou huis. Die voorbladfoto is so 'n poging. Terloops, die voorbladfoto is 1 uit ongeveer vyftig foto's wat geneem is, ook met die doel om 'n bevredigende voorbladfoto te skep.

Die voorbladfoto-onderwerp is 'n helder deurskynende sirkelvormige glasornament met gekleurde vlekke. Die foto is geneem met 'n makrolens van 100 mm. Die lensopening is op die grootste moontlike waarde gestel vir 'n minimale klein velddiepte, naamlik f2,8. Die foto is oordag geneem, met gordyne wat redelik toe was om weerkaatsings te verminder. Dit verklaar die lang sluiterspoed van 8 sekondes.




# WAT IS TOEGEPASTE NABYFOTOGRAFIE?

Die terme "nabyfotografie" (Engels: *close up*) en "makrofotografie" (Engels: *macro photography*) word dikwels as sinonieme gebruik. Vrɶër jare is daar net van *close up* gepraat. Later het die terme nabyfotografie en makrofotografie meer in mekaar begin vlɶi.

Sonder om te diep op dié saak in te gaan, gebruik ons hier net die term nabyfotografie; dit wil sê, gevalle waar die kamera relatief naby die onderwerp is.

'n Vraag wat gevra word is in watter mate nabyfotografie en stillewefotografie aan mekaar verwant is. Vir ons dɶl aanvaar ons dat daar gevalle is waar dié twee afdelings mekaar insluit en ander gevalle waar dit nie so is nie. Let op na die volgende gevalle:

# WAT IS TOEGEPASTE NABYFOTOGRAFIE?

(VERVOLG VAN VORIGE BLADSY)

**Voorbeelde van nabyfoto's wat ook stillewefoto's is** (let op na die verkleinwoorde):

- 'n miniatuurlandskap (soos 'n klein grastoneeltjie met doudruppels),
- miniatuurspeelgoed (soos 'n kinderkoppie en -piering met 'n vasie en blommetjie) en
- foto's van plantjies (soos om 'n idilliese woudskap te skep).

**Voorbeelde van nabyfoto's wat nie stillewefoto's is nie**:

- plantfoto's vir identifisering (soos 'n fyngetande blaarrand),
- dokumentêre foto's (soos posseëls van Suid-Afrika) en
- foto's van ou kiekies (soos om 'n geslagsregister saam te stel).

Dis laasgenoemde geval wat ons in gedagte het as ons praat van toegepaste nabyfotografie. Die foto op die vorige bladsy van 'n miniatuurskildery wat op straat gekoop is, wys die idee.



# Toegepaste nabyfotografie tema & wenke

Ons nœm puntsgewys 'n klompie sake om in gedagte te hou wanneer jy beplan om nabyfoto's te neem..

Besef dat die onderwerpe waarvan jy foto's neem, nie jou eie is nie (soos die Karelsbrug-skildery). Jy mœt dus erkenning gee, soos nodig.

Onthou dat die onderwerpe waarvan jy foto's neem, dikwels klein items is (die item in die voorbladfoto is byvoorbeeld 10 cm in deursnee); dus is 'n driepoot noodsaaklik.

Hou in gedagte dat jy dalk heelwat foto's sal mœt neem – moontlik van baie kiekies of van een onderwerp uit verskillende hœke.

Speel rond met beligting, maar pasop vir slegte skaduwees of weerkaatsings.

Gebruik 'n liniaal en sorg dat jy foto's van tweedimensionele onderwerpe, byvoorbeeld sertifikate, loodreg op die item neem.

Sorg dat wit wit bly – 'n wit sertifikaat wat grys vertoon op 'n foto lyk sleg. Onthou *custom* by jou witbalans-instellings.



*Abstrak Galileo-termometer, Stilbaai, 2019*

Maak die kamera-instellings steeds met lensopening, sluiterspœd, ISO, witbalans, in gedagte – sien die riglyne hierna.

Dœn die regte fokussering met die regte trefpunte in gedagte – 'n skerp foto van 'n foto het ander denke nodig as 'n foto van 'n silindervormige glasvaas.

Al is die bedœling om presiese, skerp foto's te neem, is dit ook belangrik om kreatief te wees. Mœnie net rekordfoto's neem nie.

# RIGLYNE VIR TOEGEPASTE NABYFOTOGRAFIE

**VOORAF** Ons aanvaar jy het óf (a) 'n twee-dimensionele item (soos 'n graadsertifikaat) óf (b) 'n drie-dimensionele item (soos 'n glassilinder) voor jou.

### TIPE LENS
Gebruik verkieslik 'n makrolens – of pas aan met wat jy het.

### FORMAAT
Enige formaat is in orde, afhangend van die item

### ISO
Gebruik die laagste ISO-waarde, byvoorbeeld 100.

### WITBALANS
Pas aan by die ligomstandigheid, waarskynlik binnenshuise beligting.

### FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING
Kies die trefpunt as fokuspunt.

### LENSOPENING
Kies 'n groot lensopening, byvoorbeeld f2,8 of so na as wat jy daaraan kan kom.

### SLUITERSPOED
Gebruik die liniaal vir 'n "korrekte" instelling van die sluiterspoed.

### FYN FOKUSSERING
Kontroleer die fotoskerpte by die trefpunt van die foto.

Doen nog verder naverwerking indien nodig.

Towerlantern Fotografie
- desember 2023 -

# Onthoufoto's

Dit is algemene kennis dat die praktyk van fotografie vandag anders is as vroeër. Ons praat nie van byvoorbeeld kuns- of opdrag-foto's nie, ons praat van die algemene rede hoekom mense tans foto's neem.

Vroeër – en daar word sekerlik besef hoekom dit so was – is foto's geneem met 'n langtermyn doel. Foto's moes onthoufoto's wees, geboortes, troues, begrafnisse. Miskien ook vakansiefoto's. Filmfoto's was duur en jy moes tipies lank wag voordat die foto's ontwikkel is.

Deesdae – en almal begryp ook hoekom dit nou so is – word foto's links en regs geneem. Dis tog so maklik met 'n selfoon. Daar word natuurlik steeds nog onthoufoto's geneem. 'n Baie groot hoeveelheid hedendaagse foto's word egter geneem met die doel "kyk wat doen ons": vir wys, nie noodwendig vir onthou nie. Partytjie- en braaivleisfoto's is voorbeelde. Dan ook selfies met doelbewus skeefgetrekte gesigte vir die selfoon en selfies wat spreek van onkunde aan die kant van die afnemer, met verwronge en gepunte koppe – met miskien ook nog telefoondrade daarby.

Die bedoeling met hierdie nota is om jou aan te spoor om soms ordentlike foto's te neem van veral jou familie. Jy mag vra: hoekom?

Daar is verskillende redes. Onthou wel: Eendag word daar bruikbare foto's van jou of jou familie benodig vir 'n begrafnisbrief!

Met dank aan Fanie Coetzee vir die idee.







# BOTTE – GOEIES EN SLEGTES

Kom reis verder saam deur die land "Kunsmatige Intelligensie" waar die inwoners kunsmatig-intelligente wesens is. Om jou geheue te verfris wat vroeëre ontmoetings betref, kyk weer na die September-, Oktober- en November-uitgawes van Fotografienuus – Hierdie uitgawes, en nog baie meer daarvan, is te kry by https://www.towerlantern.co.za/nuusbriewe.html. In ons vorige artikel het ons gestop in die omgewing van die robotte en botte. Ons gaan in hierdie uitgawe nader kennis maak met die botte.

***********

Om 'n vaste beeld in jou kop te hê, het ons gesê: Dink aan botte as slawe wat duisende take in 'n oomblik kan verrig, byvoorbeeld om 'n lys saam te stel van 'n gegewe naam uit alle outydse Suid-Afrikaanse telefoonboeke van 'n bepaalde jaar.

Op 'n eenvoudige manier gesê, as jy 'n bot tot stand wil bring, skryf net 'n app – soos dié wat reeds op jou foon is, of wat jy op internet kan opspoor. Ons noem ook dat jy goed moet besef, soos in die werklike lewe, dat daar ook goeie en slegte, flukse en lui bot-slawe kan wees. Ons wil in hierdie maand se artikel kennis maak met 'n paar botte – slegtes en goeies.



## Wat is KUNSMATIGE INTELLIGENSIE ?

**Slegte botte: CREDENTIAL STUFFING BOTS**

Ons begin ons bespreking met die waarskuwing dat sommige botte sleg is. Ons hoef egter nie veel tyd aan hulle af te staan nie. As voorbeelde: Slegte botte is onder andere e-pos-botte wat boodskappe stuur sonder die gebruiker se toestemming; of webkruipers wat op soek is na 'n gebruiker se persoonlike inligting. Let op na beskrywings, in Engels weergegee) soos: *web scrapers, credential stuffing bots, fraud, account takeover, espionage and theft, reputational damage, DDos bots* en *spam bots*. Wees gewaarsku!

Gaan vir meer inligting oor slegte botte na: https://www.radware.com/cyberpedia/bot-management/bad-bots/

## Gœie bot: **WEBKRUIPERS** (Engels: *web crawlers*)

Dœn die volgende eksperiment: Gaan na Google en begin 'n sœktog met jou van as sleutelwoord. Ek het *Deklerk* ingesleutel en byna dadelik inligting gekry met die opmerking "Omtrent 16 200 000 resultate (0,31 sekondes)" daarby. Dit is meer as 16 miljœn!

Hœ op aarde is so iets moontlik? Daar is baie aspekte aan so 'n sœktog verbonde. Twee hiervan is: (a) 'n baie groot dosis wiskunde gerig op optimale sœkprosedures en (b) botte met die naam "webkruipers". Laasgenœmde staan ook bekend as web-spinnekoppe soos ook die natuurlike inwoners van spinnekopwebbe.

Die maklikste manier om te verstaan wat 'n webkruiper dœn, is met behulp van die volgende voorbeeld: Beskou 'n baie deurmekaar biblioteek waar die bœke stapels en stapels hoog gepak staan. 'n Bekwame assistent begin deur alle stapels werk om met behulp van 'n kaartkatalogus inligting oor verskillende onderwerpe te versamel. 'n Kliënt wat by die biblioteek kom, kan dan baie vinnig inligting oor enige so 'n onderwerp by die assistent kry – en dis nie nodig vir die kliënt om alle bœke te deursœk nie.

Gaan vir meer inligting oor webkruipers na:
https://www.cloudflare.com/learning/bots/what-is-a-web-crawler/

## Gœie bot: **KLETSBOTTE** (Engels: *chatbot*)

Hierdie botte is baie algemeen en onder verskillende name bekend soos ChatGPT, Zendesk, Bing en nog meer. Hulle word nie verniet kletsbotte genœm nie, want hulle kan met jou "gesels" en jy kan terug "gesels" oor omtrent enige onderwerp. Dis soos om na 'n biblioteek tœ te stap en met die biblioteek-assistent te gesels. Die assistent is uiters bekwaam, kan oor enige onderwerp sinvol met jou gesels, kan vrœëre gesprekke onthou en kan selfs die gesprek in verskillende rigtings stuur.

'n Kletsbot is 'n rekenaarprogram wat 'n menslike gesprek naboots. Afhangend van die tipe kletsbot kan jy dus 'n gesprek vœr (skryf of praat). 'n Eenvoudige manier om dit te verstaan (en dit is hœ kletsbotte ontstaan het), is om te dink aan 'n lys veelgestelde vræ (Engels: *FAQs, Frequently asked questions*) wat dikwels gegee word saam met inligting oor byvoorbeeld 'n mediese prosedure, of wat jy alles nodig het om 'n Visrivier-canyon-staptog aan te durf.

Hedendaagse kletsbotte is myle ver verwyder van die eerste kletsbotte. Een voorbeeld is juis ChatGPT. Dié het die vermoë om rekenaarprogramme te skryf, om musiek te komponeer, om studente-referate te skryf en om tœtsvræ te beantwoord. Om 'n gevœl te kry, gaan na https://chat.openai.com/, registreer en vra 'n vraag. Vanuit my wiskunde-agtergrond het ek gevra, in Engels: "What is Taylor's theorem?" Ek het onmiddellik 'n baie sinvolle antwoord gekry, met selfs meer as wat ek gevra het, waaronder Taylor se nœmnaam, Brook.

Gaan vir meer inligting oor kletsbotte na: https://www.ibm.com/topics/chatbots


GAAN OP REIS
saam met Towerlantern
Towerlantern Fotografie
- desember 2023 -
Utah, VSA
Capitol Reef National Park

# UTAH, VSA

# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*



*Kaart van VSA met Utah gemerk*

Jou eerste vraag mag wees: Waar is Utah; selfs, hoe spreek mens die woord uit?

Dis nie nodig om vir fotograwe te vertel dat daar baie plekke in die wêreld is wat, fotografies gesproke, ver bo die gemiddeld is nie. Natuurlik hang dit af van persoon tot persoon. Kom reis wel saam met Towerlantern na so 'n besondere juweel.

Die Verenigde State van Amerika, of VSA kort gesê, bestaan uit 50 deelstate wat strek van Maine in die ooste tot Alaska in die weste. Een van hierdie state, Utah, is baie besonders en Towerlantern nooi jou daarheen uit vir die saamreis.

Soos gesien kan word op die kaart lê Utah (uitgespreek *you-ta*) in die Sentraal Westelik deel van die VSA. Een van die mees uitstaande sake is die besonderse landskappe, veral in sy parke. Utah se *Mighty five national parks* is almal die moeite werd om te besoek. Landskapfotograwe, en eintlik alle fotograwe, gee aandag!

Die skrywer Genevieve Atwood gee in die artikel *Geology of Utah* 'n goeie oorsig oor die geologie van die gebied. Haar inleidende woorde gee die trefkrag van die omgewing baie goed weer:

*Diverse, spectacular, and dynamic are three words that describe the geology of Utah. Generations of geologists have chosen to study geology in Utah because erosion and climate have exposed an extraordinary diversity of rocks and geologic structures. This allows scientists to unravel secrets of the earth's past and predict its future; it also allows prospectors to search for the earth's resources, and it provides others the opportunity to appreciate the grandeur and subtleties of their physical environment.*

Bron: https://www.uen.org/utah_history_encyclopedia/g/GEOLOGY.shtml

# UTAH, VSA

**GAAN OP REIS**
*saam met Towerlantern*

Utah se *Mighty five national parks* is almal die mœite werd om te besœk. Die kaart hierby wys die ligging.

Skakel : https://t.ly/hM-c8

Ons reis neem ons van Arches National Park, verby Canyonlands National Park, Capital Reef National Park, Bryce Canyon tot by Zion National Park. Die verdere foto-oorsig van Tineké en Cobus van der Walt, St Louis, VSA, wat dié gebied onlangs besœk het, is die mœite werd om te besigtig; met dank aan hulle. Kom reis saam.

Vœl jy lus om saam op 'n helikopterrit te gaan oor een of meer van hierdie wonderlike parke? Hier is vir jou 'n paar moontlikhede – en die gœie nuus is dat omdat jy 'n virtuele reisiger is, dit jou niks gaan kos nie.

Helikopterritte (gratis):
https://t.ly/AaKl7
https://t.ly/nMVWW
https://t.ly/pOdxB




Towerlantern Fotografie
- desember 2023 -
Arches National Park


Towerlantern Fotografie
- desember 2023 -
Canyonlands National Park


Bryce Canyon National Park
Towerlantern Fotografie
- desember 2023 -


Towerlantern Fotografie
- desember 2023 -
Zion National Park


# IKOON-FOTO'S

Josef Steyn van Stilbaai stel voor dat ons met 'n reeks begin wat gaan oor die rol wat foto's gespeel het om die geskiedenis te beïnvlœd. Ons eerste foto is *Migrant Mother* van Dorothea Lange. Ons sal elke keer 'n foto uit Wikipedia gebruik, met 'n kort verduideliking in Engels daarby.

*Migrant Mother* is a photograph taken in 1936 in Nipomo, California by American photographer Dorothea Lange during her spell at the Resettlement Administration (later the Farm Security Administration).

Since then, the photograph has become an icon of the Great Depression and because it is in the public domain, it has been reproduced to serve as advertisements and much more.

Today, Lange's work is considered to be a part of the classic canon of American art and international photography. The 28.3 by 21.8 cm gelatin silver print photograph depicts two children burying their faces in their mother who anxiously gazes off into the distance. A print is housed at the Museum of Modern Art in New York City.
Bron: https://en.wikipedia.org/wiki/Migrant_Mother



*Migrant Mother – Dorothea Lange*

NUUS *vanaf Towerlantern*

# Komende kursus: Eerstevlak-fotografiekursus

Towerlantern beplan 'n volgende plaaslike fotografiekursus gedurende Januarie en Februarie 2024. Kom leer hœ om jou kamera te hanteer en hœ om mooi foto's te kry. Die besonderhede is soos volg:

**Plek:** Potchefstroom.

**Begindatum:** Die begindatum is DV Saterdag 20 Januarie 2024. Die verdere datums sal dan bespreek word om almal te pas.

**Tyd:** 09:00 tot 11:30.

**Prys** (tot 31 Desember 2023): R1 000, waarvan 'n deposito van R500 vooraf betaalbaar is met registrasie, en R500 by die eerste klas-geleentheid; daarna R1300. 'n Plek is eers vas nadat die deposito betaal is.

**Besonderhede:** Die kursus bestaan uit 8 klasgeleenthede van 2½ uur elk. Baie tyd word ook aan praktiese werk gegee.

**Samevatting van kursus:** Komposisie, kleur, lig; lensopening, sluiterspœd; ISO, beligting, ligmeting; fokussering, lense en fokale lengte, perspektief; mens-, sport-, stillewe-, landskap-, argitektuur-, reisfotografie; kreatiwiteit, abstrakte fotografie, blom-, makro-, argitektuur- en reisfotografie, kunsfotografie.

**Benodigdhede:** 'n SLR-kamera met basiese instellings, sluiterspœd, lensopening en ISO is 'n noodsaaklikheid. 'n Driepoot is nie absoluut noodsaaklik nie, maar word hoog aanbeveel.

**Kontakbesonderhede:** Johan de Klerk
082 884 7061; johan@towerlantern.co.za

NUUS
vanaf
Towerlantern

# Komende kursus: Gevorderdevlakkursus

Het jy onlangs die eerstevlakkursus afgehandel, of wil jy die rœs van ou kennis afkrap? Oorweeg dan om ons gevorderde kursus by te woon. Jy sal verbaas wees hœveel jy gaan leer.

Jy kan hierdie kursus direk dœn nadat jy die eerstevlakkursus afgehandel het. Daar kan selfs 'n mate van oorvleueling wees aangesien die tweede kursus by dieselfde onderwerpe begin as die eerste. Ons nœm dit want soms reken mense hulle mœt na die eerste kursus self eers œfen voordat hulle die volgende aanpak. Dit is egter 'n denkfout – die tweede is juis 'n inskerping van die eerste.

Die **inhoud van die kursus** kan soos volg saamgevat word:

- Komposisie en kleur
- Lig – en jou kamera
- Lig – jou kreatiwiteit en die kamera
- Van kreatiwiteit tot kunsfotografie
- Met kreatiwiteit na stillewefotografie
- Met kreatiwiteit na mens- en dierfotografie
- Met kreatiwiteit op reis
- Met kreatiwiteit na die natuur

**Algemeen:** Die kursus bestaan uit 8 klasse en strek oor 8 maande. Aandag word veral gegee aan praktiese aspekte van hierdie genres.

**Vereistes:** 'n SLR-kamera met verstelbare instellings word hoog aanbeveel. So ook 'n driepoot.

**Aanvangsdatum:** Die begindatum is DV Februarie 2024.

**Werkwyse:** Die klasse word een keer per maand aangebied. Die kursus strek dus oor 8 maande.

**Prys** (tot 31 Desember 2023): R1 000, waarvan 'n deposito van R500 vooraf betaalbaar is met registrasie, en R500 by die eerste klasgeleentheid. 'n Plek is eers vas nadat die deposito betaal is.

**Kontakbesonderhede:** Johan de Klerk
082 884 7061; johan@towerlantern.co.za

NUUS vanaf Towerlantern

# Komende kursus: Spesialiskursus

Ken jy jou kamera gœd, maar jy wil jou graag op bepaalde onderwerpe dieper ingrawe? Dan is ons Spesialiskursus net die regte keuse vir jou.

Ons varieer die inhoud in 'n mate van jaar tot jaar. Vir 2024 beplan ons om tweemaandeliks aandag te gee aan 4 van die volgende genres:

- Natuurfotografie
- Nabyfotografie
- Mensfotografie
- Impressionistiese fotografie
- Kreatiwiteitsfotografie

Sou jy in hierdie sake belangstel, word jy uitgenooi om vir hierdie kursus in te skryf. Die verdere inligting is soos volg:

**Algemeen:** Die kursus bestaan uit 8 klasse en strek oor 8 maande. Aandag word veral gegee aan die praktiese aspekte van hierdie genres.

**Vereistes:** 'n SLR-kamera met verstelbare instellings is noodsaaklik. So ook 'n driepoot.

**Aanvangsdatum:** Die begindatum is DV Februarie 2024.

**Werkwyse:** Die 8 klasse word gestruktureer as 4 dubbelmaand-geleenthede. By die eerste sessie word die onderwerp bespreek en prakties beœfen. By die tweede sessie word die student in 'n sekere mate aan hom-/haarself oorgelaat om tydens 'n drie uurlange fotosessie by drie verskillende terreine foto-opdragte uit te vœr.

**Prys** (tot 31 Desember 2023): R1 000, waarvan 'n deposito van R500 vooraf betaalbaar is met registrasie, en R500 by die eerste klas-geleentheid. 'n Plek is eers vas nadat die deposito betaal is.

**Kontakbesonderhede:** Johan de Klerk
082 884 7061; johan@towerlantern.co.za

## ons hoor graag van ons *lesers*

**ELNA GERINGER, PORT EDWARD:**

Ek het al so baie geluister na fotograwe, en ook dit al baie raak-gelees, wat van die standpunt af uitgaan dat 'n foto "perfek" geneem moet word. Daar moet geen Photoshop of dergelike veranderinge gemaak word nie.

Ek dink dis 'n debat wat vir ure gevoer kan word. Fotografie is vir my 'n stokperdjie en wanneer ek foto's op my rekenaar aflaai, soek ek gewoonlik die foto's uit wat glad nie aandag trek nie. Met hulle gaan ek dan na die redigeringsprogramme toe en begin speel.

Dankie dat jy ons toelaat om "uit-die-boks" te dink.

**RONA JACOBS, BLOEMFONTEIN:**

Baie dankie vir die terugvoer van ons Foto-vriende. Dis heerlik om ander se foto's te sien en te sien hoe hulle vanuit ander hoeke kyk. Dis interessant hoe mens soveel van ander se foto's leer.

**SANETTE STRUWIG, STRAND:**

Baie dankie vir Fotografienuus. Ek hou baie van die November-uitgawe se voorbladfoto in swart-en-wit. Die ander foto's is ook pragtig. Ek geniet die skryfstyl en die mooi uitleg.

**JOSEF STEYN, STILBAAI:**

Jou nuusbriewe geniet ek nog elke maand. Verlede maand (Oktober) s'n het my baie geïnteresseer omdat daar 'n tegniek in is wat ek dikwels met blomme gebruik het. Vandag (November) s'n is net so interessant. Die swart-en-wit-genre word deur baie fotograwe afgeskeep. Een van die redes is dalk dat dit 'n moeilike tegniek is om behoorlik onder die knie te kry.

# OP INTERNET GESIEN



Gebruik lig en skaduwee tot jou voordeel om interessante komposisies te skep. Hierdie foto is geneem deur David Gaberle.
Adres: https://www.instagram.com/davidgaberle

# OP INTERNET GESIEN



Mœt 'n foto se fokuspunt altyd op 'n derde wees? Kyk hœ treffend is hierdie foto, met die fokuspunt reg in die middel. Let ook op die lyne wat jou oog na die fokuspunt tœ lei.

Ons dink dat hierdie foto, wat eintlik nogal baie simmetries is, juis treffend is omdat dit nie die gewone reëls volg nie. Maar wat dink jy? Deel gerus jou opinie.

Ons het hierdie foto raakgeloop op die Facebook-grœp "Minimalist Photography" en dit is geneem deur Craig Willoughby.



# FOTO-*idees*

Idee 1: Ry rond in jou omgewing en sœk na bouvalle – steeds met veiligheid in gedagte.

# FOTO-*idees*

Idee 2: Stap deur jou huis, skep stillewes en neem foto's. (Stileerder: Petro Lotz, Prins Albert)





Idee 3: Loop in winkels rond, en neem "stilletjies" foto's van kleurvolle tonele. (Foto: Fransa Vorster)



# FOTO-*idees*

Idee 4: Neem nabyfoto's van opstellings uit jou huis om só die tekstuur en gevoel daarvan uit te beeld.

# FOTO-*idees*

Idee 5: Neem foto's van mooi weerkaatsings, draai dit om en skep só 'n buitewêreldse toneel.



Ons het 'n paar maande gelede begin met 'n nuwe inisiatief naamlik om ons lesers geleentheid te gee om van hul beste foto's te publiseer en om iets van hul belewenis daaromtrent te deel.

Jy word dus hiermee uitgenooi. Ons stel die volgende as algemene riglyne:

- Stuur 10 van jou beste foto's in met grootte ongeveer ½ MB. Daaruit sal 'n keuse van tot 6 foto's vir publikasie gemaak word.
- Kies die foto's só dat dit ongeveer dieselfde tema het. Die tema kan wyd wees – daar is geen beperking op die fotomateriaal nie.
- Indien nodig, verkry skriftelik tœstemming vir die plasing van mensfoto's in Fotografienuus.
- Stuur 'n beskrywing van 200-250 woorde oor enige aspek rakende die foto's of jou persoonlike belewing daarvan.

# Mini-galery

## GALERY VAN ELNA GERINGER, PORT EDWARD, KWAZULU-NATAL

My liefde vir fotografie het ernstig vlam gevat in 2004 toe ek my eerste Canon 60D met bybehorende lense gekoop het. Ek en my man Huey was toe al van 1999 af voëlkykers en ek was super opgetrek met my nuwe toerusting. Voëlfotografie was aanvanklik my eerste liefde tot ek in 2014 vir Josef Steyn van Hogsback ontmoet het. Deur sy lens word ek bekend gestel aan die makrowêreld en stadige sluiterspoed van water en watervalle. Hierby het land-en-seeskap gekom en die res is geskiedenis.

Ek ontdek die wonderwêreld van redigering en ook kunsfotografie. Ek gebruik heelwat programme en kan vir ure speel voor ek tevrede is met die resultaat. Vir my gaan fotografie nie net oor die neem van die foto nie, maar ook oor wat ek deur redigering daarmee kan bereik. Ek geniet dit om redelike abstrakte verwerkings te doen en ook om elemente saam te voeg in een raam.


Gedurende 2018 stel 'n medefotograaf my voor aan "My Photo Artistic Life". Dit is 'n aanlyn kursus/opleiding, wat geen einde het nie. Elke maand word nuwe tegnieke en metodes gelaai en soos die spreekwoord lui, "the sky is the limit". Deur hierdie groep het ek Photoshop in diepte leer ken en wat daarmee bereik kan word.

Sedert 1999 tot die hede, het die Here vele fotograwe op my pad gestuur en ek eer elkeen van hulle wat gehelp het om my te bring waar ek vandag is. By elkeen het ek geleer en ontdek. Fotografie is 'n ontsnappingsroete na waar 'n mens kan vergeet van die chaos rondom ons.



Baie spreeus bad saam

Elna Geringer




Rooiborsjakkalsvoël

Elna Geringer



Deurmekaar glase

Elna Geringer



Zebras nested

Elna Geringer



Kearsney Manor

Elna Geringer



Agterkant van 'n pou

Elna Geringer